Erfenis Wes-Kaap: Aansoek om permitte vir werk van 'n geringe aard: Riglyne vir voorleggings aan EWK - April 2022	'n Riglyn is geproduseer sodat aansoekers kan bepaal of hul voorstel as van 'n geringe aard geag kan word en hul derhalwe om vergunning vir werk van 'n geringe aard aansoek mag doen. Hierdie proses skakel die vereiste vir konsultasie voordat die aansoek aan EWK voorgelê word, uit. Waar van toepassing word indiening van bouplanne nie verlang nie, wat aansoekers tyd en koste bespaar.

4.5 Beplande beleidsinisiatiwe

Die beleidsinisiatiwe soos hierna beskryf, word vir 2023/24 beplan:

Beplande beleidsinisiatiwe	Tydsraamwerk
Struktuur en beleid vir Erfenis Wes-Kaap se fooie	31 Maart 2024
Prosedure vir erfenisregister	31 Maart 2024

4.6 Opdatering van tersaaklike hofuitsprake

Hofsaak	Verwysing	Impak op EWK
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof saaknr. 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak op die appèlprosesse van die tribunale wat deur die LUR aangestel word ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, gelees saam met Regulasie 12 van PK 336 van 2003. DKES en die LUR het korrektiewe stappe geneem om billike administratiewe prosesse te verseker en om bepalings neer te lê sodat nuwe bewyse in 'n tribunale proses op rekord gestel kan word sowel as om te verseker dat die reëls van natuurlike geregtigheid ten opsigte van die grondbeginsel audi alteram partem beter nagevolg word.
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape</i>	Appèlhof saaknr. 647/06	Hierdie uitspraak het die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap opgedra is om ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 voorwaardes vir 'n ontwikkeling op te lê, bekragtig.
<i>Waenhuiskrans Arniston Ratepayer' Association and another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms.) Bpk. and others</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof saaknr. 1926/08	Die hof het oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenis-hulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap regsbevoegdheid het ten opsigte van terreine wat deur SAEHA ingevolge artikels 35 en 36 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 as Graad 1-terreine gegradeer is. Die hof het bevind dat, in sulke gevalle, regsbevoegdheid by SAEHA berus. Die hof het bevind dat in gevalle waar 'n terrein voorwaardelik beskerm word, daardie voorwaardelike beskerming slegs vir 'n spesifieke tydperk moet geld wat in die gepubliseerde kennisgewing vermeld moet word. Die implikasie van hierdie uitspraak vir die DKES is dat die Departement regshulp aan Erfenis Wes-Kaap moet verleen ten opsigte van die vertolking van wetgewing en moet verseker dat EWK binne sy wettige mandaat handel.
<i>Peter Gees v the Provincial Minister of Cultural Affairs and Sport, Western Cape, the Chairperson, Independent Appeal Tribunal, Heritage Western Cape, the City of Cape Town, City Bowl Ratepayers; & Residents' Association</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika saaknr. 6205/15	Die hof het bevestig dat die oplegging van voorwaardes binne die parameters van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 is en nie strydig is met die oorhoofse voorneme van die wet nie. Voorwaardes kan ingevolge artikel 34(1) van die Wet opgelê word vir 'n permit om 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar te sloop, met inbegrip van 'n bepaling dat EWK die vervangende struktuur moet goedkeur, mits daardie voorwaardes opgelê is met die oog op die verwesenliking van 'n bewaringsdoelwit.

DEEL A: ONS MANDAAT

Hofsaak	Verwysing	Impak op EWK
<i>Piketberg Local Heritage Committee and Another v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk and others (Heritage Western Cape 2nd Respondent)</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika saaknr. 1103/16	Aansoek om 'n besluit van EWK se Komitee vir die Beboude Omgewing en Landskappe (BELCom) te hersien. Toestemming is deur BELCom verleen om 'n gebou op erf 207 in Piketberg te sloop. Die Piketberg-erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om die besluit te hersien aangesien die komitee aangevoer het dat daar nie aan die bepalings van die Wet op Administratiewe Geregtigheid (afgekort as PAJA [Promotion of Administrative Justice Act]) voldoen is nie. Die hof het EWK se beleid waarvolgens daar slegs met geregistreerde bewaringsliggame oorleg gepleeg moet word, oordink aangesien die besluite wat geneem is 'n potensiële impak op lede van die algemene publiek kon hê, en het bevind dat oorlegpleging met die breër publiek genoodsaak is. Dit beteken dat EWK moet verseker dat openbare deelname, ingevolge PAJA, onderneem word voordat 'n besluit oor 'n aansoek geneem word.
<i>Bryer NO and others v HWC</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof saaknr. 16392/2017	Aansoek om hersiening van 'n besluit van EWK om 'n "staak werke"-bevel op te lê en of 'n aansoek ingevolge artikel 38 van die WNEH nodig was. Dit het afgehang van die omskrywing van 'n "terrein groter as 5 000 m ² " wat, ingevolge artikel 38(1) só 'n aansoek noodsaak. Erfenis Wes-Kaap het deurgaans die grootte van die erf as die faktor gebruik wat só 'n aansoek noodsaak. Die applikant het aangevoer dat "terrein" nie "erf" beteken nie en dat in hierdie spesifieke geval die erf, alhoewel groter as 5 000 m ² , die veronderstelling was dat dit in twee afsonderlike terreine verdeel kon word. Die hof het met hierdie betoog saamgestem. Dit is belangrik om daarop te let dat die hof nie beslis het dat die terrein gelykgestel kon word aan die ontwikkelingsvoetspoor nie. Die erf se grootte kan steeds aanduidend wees van die terrein se grootte, maar 'n meer genuanseerde benadering moet gevolg word.
<i>Bo-Kaap Residents and Ratepayers Association and others v City of Cape Town and others</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika saaknr. 7031/17	EWK het tussenbeide getree in hierdie aansoek waarvolgens die Civic Association (wat 'n geregistreerde bewaringsliggaam is) aansoek gedoen het om hersiening van die Stad Kaapstad se besluit om 'n hoë gebou op te rig wat gedeeltelik binne 'n EBO geleë is en aan die Bo-Kaap en Riebeekplein grens. Die hof het bevind dat artikel 27(18) van die WNEH nie uitgebrei kan word om te vereis dat die ontwikkelaar van 'n gebou grensende aan 'n erfenisterrein 'n permit moet bekom nie. Voorts het dit bevind dat die Stad Kaapstad ag geslaan het op alle tersaaklike faktore en dat dit derhalwe nie die Stad se besluit kan hersien en ter syde stel nie.
<i>Tower Property Fund Limited v Heritage Western Cape</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika saaknr. 7000/18	Aansoek om die "staak werke"-bevel wat deur EWK bedien is ten opsigte van bouwerke op 'n aangrensende eiendom op te hef waar daar gevrees is dat dit skade aan die aangrensende erfenishulpbron, naamlik 'n graad IIIA-kerkgebou, kan berokken. Die hof het bevind dat EWK die applikant 'n geleentheid moes gun om te reageer voordat die "staak werke"-bevel uitgereik is.

Hofsaak	Verwysing	Impak op EWK
<i>Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister of Finance and others</i>	Noord-Gautengse Hooggereghof saaknr. 46055/2015	Die verweerders in hierdie saak het vergoeding gevra van die staat en EWK voortspruitend uit die verklaring van 'n gedeelte van hul grond as 'n PET (die Bobbejaanpunt-PET te Elandsbaai). Die verweerders het beweer dat die verklaring hul reg om die grond te ontwikkel vir alle praktiese doeleindes gesteriliseer het en dat dit neergekom het op óf 'n kwasi-onteiening óf 'n onwettige oorname van hul regte op eienaarskap soos beskerm deur artikel 25 van die Grondwet. As 'n alternatief het hulle gevra vir 'n bevinding dat die WNEH ongrondwetlik is omdat dit die oorname van regte op eienaarskap sonder vergoeding magtig. Die hof het bevind dat die verklaring wettig was en dat dit nie op kwasi-onteiening neergekom het nie. Die hof het ook bevind dat die beskerming van regte op eienaarskap ingevolge artikel 25 van die Grondwet nie onvoorwaardelik is nie en onderworpe is aan regte van openbare belang.

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

5. Bygewerkte situasie-ontleding

Erfenis Wes-Kaap funksioneer reeds vir twee dekades sedert sy oprigting in Oktober 2002 as die Provinciale Erfenishulpbronowerheid in die Wes-Kaap. Soos gemandateer ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, beywer hy hom vir 'n geïntegreerde stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne binne die provinsie. Daar is gefokus op gesprekvoering met gemeenskappe, bewaringsliggame, professionele liggame, interdepartementele eenhede binne die Wes-Kaap en plaaslike munisipaliteite met die oog op verbeterde bestuur van betekenisvolle erfenishulpbronne en om dienslewering meer op die behoeftes van burgers af te stem.

Alhoewel EWK daarin geslaag het om bedryfsprosedures vir sy funksionering daar te stel (met spesifieke verwysing na die verwerking van aansoeké wat heelwat van sy operasionele uitsette in beslag neem), werk EWK ook daaraan om plaaslike owerhede te bemagtig en aan te moedig om funksies verwant aan die bestuur van Graad III- plaaslike erfenishulpbronne, soos beoog in die WNEH, oor te neem. Laasgenoemde is belangrik aangesien wetgewende bevoegdheid rakende die bestuur van erfenisaangeleenthede, ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika én die WNEH, by al drie regeringsfere berus.

Met die oog daarop om 'n raamwerk daar te stel wat die ontplooiing van hierdie proses moontlik sal maak, word gesprekke deurentyd met plaaslike munisipaliteite gevoer en het in die geval van die Stad Kaapstad reeds 'n gevorderde stadium bereik. Voorts poog EWK deurentyd om die medewerkende verhouding wat hy met die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) gesmee het, te versterk veral namate dit betrekking het op die bestuur van terreine van nasionale belang binne die Wes-Kaap en ander aangeleenthede van transversale belang. EWK het 'n memorandum van ooreenkoms met SAEHA aangegaan wat omskakeling na die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-inligtingstelsel (SAHRIS) moontlik sal maak. SAHRIS is 'n geïntegreerde aanlyn stelsel vir die verwerking van alle PEHO-aansoeké sowel as die digitalisering van versamelings en die bestuur van erfenishulpbronne oral in die land.

Die volgende is EWK se hoofprioriteite:

- a) Om bewusmaking te skep van die waarde en betekenis wat die bestuur en bewaring van erfenishulpbronne kan toekoog tot die bewerkstelliging van sosiale insluiting en ekonomiese ontwikkeling in die provinsie deur programme vir gemeenskappe en belanghebbendes te onderneem wat die positiewe en stabiliserende impak toelig wat erfenis kan hê op die voorkoming van maatskaplike euwels en die bevordering van aktiewe burgerskap;
- b) Om begrip van erfenishulpbronne se waarde te verhoog deur van verduidelikende inligtingsborde gebruik te maak;
- c) Om 'n doeltreffende stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne daar te stel wat vertroue in die werk van EWK by belanghebbers en gemeenskappe sal wek aangesien só 'n stelsel hulle in staat sal stel om hul reg op deelname aan die oorlegplegingsproses, wat die bestuur van erfenishulpbronne ten grondslag lê, te verstaan;
- d) Om betekenisvolle erfenishulpbronne tot provinciale erfenisterreine te verklaar ten einde die provinsie se diversiteit te weerspieël sowel as die erfenis van daardie gemeenskappe wat in die verlede oor die hoof gesien is;
- e) Om sinvolle gesprekke te voer oor kwessies verwant aan simboliese restitusie op die terrein van erfenishulpbronbestuur;
- f) Om die verhouding met munisipaliteite en bewaringsliggame te onderskryf ten einde nakoming van die WNEH te verseker en, in die besonder, voorwaardes wat in permitte en ander rekords van besluite opgelê is;
- g) Om EWK se kapasiteit te verhoog; en
- h) Om aansoekprosesse te outomatiseer.

Met die oog op die verwesenliking van sy vernaamste prioriteite beoog EWK om die volgende roete ter verbetering van sy dienslewering te volg:



6. Ontleding van eksterne omgewing

6.1 Politieke omgewing

Erfenis Wes-Kaap het 'n raad wat deur die minister verantwoordelik vir kultuursake in die Wes-Kaap aangewys word. Die minister bring hierdie organisasie op die been ingevolge artikel 23 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999. Die organisasie word ondersteun deur die Departement van Kultuursake en Sport via 'n jaarlike oordragbetaling en addisionele ondersteuningsdienste wat betrekking het op, onder ander, menslike hulpbronne, finansiële bestuur en IT-ondersteuning.

6.2 Ekonomiese omgewing

Die werk wat deur EWK verrig word, moet beskou word vanuit 'n konteks waar daar, te midde van 'n wêreldwyse ekonomiese afswaai, 'n behoeftte bestaan om ekonomiese groei binne die Wes-Kaap te laat gedy. Aangesien EWK 'n vername skakel in die proses vir die verwerking van aansoeke vir ontwikkelings in die provinsie is, is dit inderwaarheid 'n belangrike bydraer tot die stimulering van die plaaslike ekonomie deur te sorg dat aansoeke so doeltreffend en doelmatig as moontlik verwerk word. In die besonder het die heersende energiekrisis in Suid-Afrika 'n vinnige reaksie op aansoeke wat regstreeks verband hou met die ontwikkeling van fasiliteite vir die generering van hernubbare energie vereis, welke aansoeke opgeweeg moet word teen 'n behoeftte om erfenishulpbronne te beskerm aan die een kant en die dringende vraag na sulke projekte sodat ekonomiese groei gestimuleer kan word aan die ander.

EWK se migrasie na die digitale ruimte vir die bestuur van sy erfenaansoeke (voorheen handmatig) het beduidende kostebesparings tot gevolg gehad. Voorts is EWK tans besig om die fooistructuur vir erfenaansoeke te hersien ten einde ooreenstemming met markverwante fooie te bewerkstellig. Die voormalde sal die finansiële volhoubaarheid van die entiteit beveilig en die potensiële risiko van regskoste wat die entiteit op die hals kan haal, versag..

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

6.3 Sosiale omgewing

EWK moedig lede van plaaslike gemeenskappe aan om ingevolge artikel 25 van die WNEH as bewaringsliggame te regstreer. Dit plaas aansoekers onder 'n verpligting om hierdie liggame in die loop van EWK se erfenisaansoekproses te raadpleeg. Voorts stel bewaringsliggame gemeenskappe in staat om inspraak te hê in die belang van geïdentifiseerde erfenishulpbronne binne hul plaaslike gebiede. EWK publiseer die sakelyste en notules van sy vergaderings op sy blog sodat belangstellende en belanghebbende partye toegang tot inligting kan verkry. Verdere bywerkings oor besluite wat ten tyde van erfenisbeampotvergaderings geneem is, word ook op 'n weeklikse grondslag via die webwerf beskikbaar gestel.

Deur vergaderings virtueel aan te bied, kon EWK meer belangstellende en belanghebbende partye in staat stel om komiteevergaderings by te woon sodat hulle hul vertoe kon lewer rakende aansoek om permitte wat ingedien is. Met behulp van sy gefasiliteerde WhatsApp-groep kon EWK sorg dat alle belangstellende en belanghebbende partye sowel as lede van die publiek toegang verkry. Via hierdie groep word lede van die publiek wat dalk tegniese probleme ervaar, gehelp om en van raad bedien oor hoe om by aanlyn vergaderings aan te sluit. EWK is van voorneme om ondersoek in te stel na die moontlikheid dat toegang vir gemeenskappe verseker kan word met behulp van plaaslike biblioteke wat gratis toegang tot die internet bied. Die kwartaallikse erfenisprogramme vir gemeenskappe om aangeleenthede van plaaslike belang te identifiseer en te bespreek, is reeds deur EWK van stapel gestuur.

6.4 Tegnologiese omgewing

Aangesien EWK 'n aanlyn inligtingbestuurstelsel ontwikkel het, word daar tans gesprekke met die nasionale erfenishulpbronagentskap gevoer oor hoe laasgenoemde se aanlyn stelsel met dié van EWK saamgevleg kan word. Hierdie aanlyn stelsel staan bekend as die Suid-Afrikaanse Efenishulpbron-inligtingstelsel (SAHRIS). In sy hoedanigheid as die nasionale gesag kan SAEHA, ingevolge artikel 39 van die WNEH, bepaal hoe 'n entiteit aan hom verslag moet doen oor die bestuur van erfenishulpbronne in nasionale besit sowel as oor hoe 'n inventaris van daardie erfenishulpbronne vasgelê moet word. Na verwagting sal gebruik van SAHRIS die doeltreffendheid van EWK se aansoekproses verhoog sowel as toegang tot SAEHA se databasis van erfenishulpbronne in nasionale besit moontlik maak. Sodra SAEHA die upgradering van sy stelsels afgehandel het, sal EWK se prosesse verbonde aan aansoek om permitte en die bestuur van erfenishulpbronrekords na SAHRIS verskuif. Omvattende opleiding is deur SAEHA tesame met EWK aangebied, en die entiteit het hulp verleen gedurende die nuwe SAHRIS-upgradering se toetsfase.

Werksaamhede verwant aan die verwerking van aansoek om permitte geskied steeds aanlyn, en vergaderings van alle EWK-komitees word via Microsoft Teams aangebied. Dit kom neer op meer as 100 vergaderings per jaar. Deesdae word ander kommunikasieplatforms soos EWK se WhatsApp-groep ingespan wat dit moontlik maak om via QR-kodes by vergaderings aan te sluit. Via dié groep kan aansoekers sowel as belangstellende en belanghebbende partye die verloop van vergaderings volg en op hoogte gehou word van die items wat op die sakelyste van komiteevergaderings gaan dien.

6.5 Omgewingsfaktore

Heritage Western Cape has been cognisant of the impact of global warming within the province and the impact over the last few years including droughts and recent fires. It must also be borne in mind that human neglect and error has also played a part in causing damage to the physical environment, the most recent experience in the Western Cape being the fires that damaged a significant amount of heritage resources. Such events highlight the **importance of the work of HWC with regards to heritage resources management**.

6.6 Wetgewende en regulatoriese omgewing

Erfenis Wes-Kaap verrig sy werksaamhede in 'n milieu waarbinne daar blitsig gereageer moet word op aansoek om permitte ingevolge die WNEH waar sulke aansoek 'n impak op voorgestelde ontwikkelings kan hê.

Tegelykertyd moet EWK egter ook verseker dat hy sy mandaat, naamlik om erfenishulpbronne te beskerm, tot uitvoer bring. Oor die afgelope paar jare het die aansoeke wat by EWK ingedien word, al hoe kompleksier geword. Terselfdertyd word die druk om hierdie aansoeke so gou as moontlik te verwerk al hoe feller.

EWK het onlangs sy delegasies gewysig sodat aansoeke om vergunning vir werk van 'n geringe aard vinniger deur EWK-personeel verwerk kan word. EWK bevind hom ook toenemend in 'n milieu waar sy besluite op regsgedinge uitloop wat deels toegeskryf kan word aan die feit dat die publiek oor die algemeen meer bewus is van die beskerming wat ingevolge die WNEH verleen word. Hierbenewens het EWK sy beleide ooreenkomstig WBPI bygewerk.

6.7 Veiligheid en beveiligingsomgewing

Alhoewel EWK daarvoor verantwoordelik is om te verseker dat erfenishulpbronne in die provinsie behoue bly, besit dié entiteit op sigself geen van hierdie erfenishulpbronne nie. Verantwoordelikheid vir die behoorlike instandhouding van erfenishulpbronne ten einde 'n verlies aan hierdie hulpbronne te verhoed, berus by die eienaars van die eiendom. Gedurende die afgelope jaar het EWK bemerk dat eiendomme geleë in die Wes-Kaap wat in besit van ander regeringsfere is, verwaarloos word. Sulke verwaarloosde eiendomme hou nie net die gevaar van 'n verlies aan erfenishulpbronne in nie, maar hou ook vele potensiële veiligheids- en beveiligingsrisiko's in. EWK sal aanhou om die tersaaklike regeringsfere se aandag op hierdie kwessie te vestig en om, waar nodig, verpligte opdragte vir herstelwerk ingevolge die WNEH uit te reik.

7. Ontleding van interne omgewing

Die termyn van die vorige Raad het op 31 Oktober 2022 ten einde geloop. 'n Nuwe Raad wat vir drie jaar sal dien, is vanaf 1 November 2022 aangewys en nuwe komitees sal vanaf 1 April 2023 aangewys word. Beide die Raad en sy komitees sal 'n induksie- en opleidingsprogram deurloop om hulle vertrouyd te maak met die milieu en hul rolle en verantwoordelikhede.

Ondersteuning wat aan EWK verleen word, het toegeneem danksy befondsing vir addisionele menslike hulpbronne. Om EWK se kapasiteit te verhoog, is agt bykomende erfenisbeamptes aangestel met inbegrip van 'n spesialisstadbeplanner wat verantwoordelik is vir die verlening van advies en hulp aan plaaslike owerhede om, waar haalbaar, hulp te verleen met die samestelling van hul erfenisinventaris en om te bepaal wat hul erfenisareas is.

Alhoewel die identifisering, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van erfenishulpbronne aan EWK opgedra is, het dit in hoofsaak gefokus op die formele beskerming van erfenishulpbronne en die verwerking van erfenisaansoeke. Die delegasiestelsel is hersien sodat komitees aansoeke van 'n meer kompleksie en/of kontroversiële aard kan oorweeg. Sodanige komitees (Komitee vir Argeologie, Paleontologie en Meteoriete; Komitee vir die Bebuude Omgewing en Landskappe; Komitee vir Impakassesserings; Komitee vir Inventaris, Gradering en Interpretasies; en Appèlkomitee) vergader maandeliks. Vergaderings van Erfenisbeamptesings (VEB) waar die aanvanklike verwerking van alle aansoeke behartig word, vind egter weekliks plaas, en daar word in die loop van hierdie vergaderings oor die oorgrootte meerderheid van die aansoeke beslis deur rekords van besluite uit te reik. Die oorblywende aansoeke wat betrag is, word na die onderskeie komitees (soos hierbo vermeld) verwys vir verdere beoordeling en besluitneming.

Die uitbreiding van delegasies na VEBs het tot gevolg gehad dat minder items vir oorweging na BELCOM en IACom verwys is aangesien VEBs nou besluite rakende aansoeke van 'n meer kompleksie aard kan finaliseer. Om 'n agterstand in die verwerking van aansoeke te verhoed, is addisionele BELCOM-vergaderings ook ingevoer sodat die komitee meer tyd gegun kan word om aansoeke van 'n kompleksie aard te oorweeg.

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS


Die getal aansoeke wat ontvang is, het effens toegeneem ná Covid-19 en stem in die algemeen ooreen met vorige jare se syfers. Dit is grootliks te danke aan ontwikkelingsgerigte behoeftes in die sektor. Om hierdie verhoogde vraag die hoof te bied, verwerk EWK steeds aansoeke aanlyn en word Raads- en komiteevergaderings ook steeds aanlyn gehou.

Die behoefte om plaaslike owerhede te kapasiteer sodat hulle hul erfenisareas kan bepaal en hul erfenisinventarisie kan opstel, word al hoe dringender. In antwoord hierop het EWK regulasies ontwikkel wat munisipaliteite sal begelei sodat hulle aan die bepalings van artikel 30 en 31 van die WNEH kan voldoen. EWK sal hulp aan munisipaliteite verleen met die identifisering van erfenisareas binne hul jurisdiksie. Slegs wanneer erfenisareas verklaar is, kan daar uitsluitsel verkry word oor of die vereistes vervat in artikel 34 vir eiendomme wat buite sodanige verklaarde areas val, opgehef kan word. Bevoegde plaaslike owerhede sal hierdie areas self kan bestuur wat EWK se werkclas sal verlig.

Getal aansoeke voorgelê aan Erfenis Wes-Kaap

Artikel van die WNEH	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sep.	Okt.	Nov.	Des.	Jan.	Feb.	Maart	Totaal
Artikel 27 – geleenthede, aanbouings, veranderings, gedeeltelike sloping van provinsiale erfesterreine	5	20	3	5	7	5	5	7	2	3	3	0	65
Artikel 31 – erfenisgebied	2	6	1	0	0	0	0	5	1	0	0	2	17
Artikel 34 – aanbouings, veranderings, gedeeltelike sloping van 'n struktuur ouer as 60 jaar	73	139	132	135	126	138	158	176	81	121	128	143	1 550
Artikel 38 – algehele sloping van 'n struktuur ouer as 60 jaar	15	10	9	14	10	7	7	19	4	2	2	12	111
Artikel 38 – kennisgewing van voorname om te ontwikkel	42	42	37	39	28	47	60	58	18	28	32	29	460
Artikel 38 – erfenisimpak-evaluierings	5	9	6	7	14	2	4	2	0	4	1	16	70
Artikel 49 – appelle	1	1	4	4	4	2	4	3	1	0	2	1	27
Artikel 35	2	1	7	4	1	1	1	1	0	1	4	1	24
Artikel 36	2	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2
TOTAAL	147	228	199	208	190	202	239	271	107	159	172	204	2 326

EWK se makrostruktuur:



DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE

8. Inligting oor prestasie per institusionele program

Program: Erfenishulpbronbestuursdienste

Doel: Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, te beskerm, te bewaar en te bevorder

Subprogram (indien van toepassing): n.v.t.

Doel: n.v.t.

Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Nr.	Uitkomste	Uitsette	Uitsetaan-wysers	Jaarlikse teikens							
				Geouditeerde / werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
				2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	
1.1	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap	Beleide, regulasies, riglyne of protokolle ontwikkel en goedgekeur	Getal beleide, regulasies, riglyne of protokolle deur die Raad goed-gekeur	1	1	1	1	1	1	1	
1.2	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap	Terrein-inspeksies deur EWK onderneem	Getal terrein-inspeksies by provinsiale erfenis-terreine onderneem	10	2	4	4	7	7	7	
1.3	Geïnte-greerde bestuur van erfenis-hulpbronne in die Wes-Kaap	Geskedu-leerde vergaderings met EWK-raad en -komitees ten einde WNEH te implemen-teer	Getal Raads-en komitee-vergaderings gehou ten einde besluite ingevolge die WNEH te neem	110	134	117	110	99	99	99	

Nr.	Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens							
				Geouditeerde / werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk			
				2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	
1.4	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap	Erkenning dat die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenis-terrein is by wyse van 'n reklamegeleentheid	Getal provinsiale erfenis-terrein-geleenthede ter bevordering van erfenishulpbronne	4	2	2	2	4	4	4	
1.5	Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap	Werksessies of vergaderings gehou om bewustheid te skep oor waarom dit belangrik is om erfenishulpbronbestuur te bevorder	Getal programme aangebied om erfenishulpbronbestuur te bevorder	7	1	4	4	4	4	4	

Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens

Nr.	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.1	Getal beleide, regulasies, riglyne of protokolle deur die Raad goedgekeur	1	-	-	-	1
1.2	Getal terreininspeksies by provinsiale erfenisterreine onderneem	7	2	2	2	1
1.3	Getal Raads- en komiteevergaderings gehou ten einde besluite ingevolge die WNEH te neem	99	25	27	22	25
1.4	Getal provinsiale erfenisterreingeleenthede ter bevordering van erfenishulpbronne	4	1	1	1	1
1.5	Getal programme aangebied om erfenishulpbronbestuur te bevorder	4	1	1	1	1

DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE

9. Program se hulpronoorwegings

Rekonsiliëring van prestasieteikens met die begroting en MTUR

Beraamde uitgawes

Erfenis Wes-Kaap

Program	Geouditeerde uitkomste			Uitgawe-beraming	Medium termyn uitgawe-beraming		
	2019/20	2020/21	2021/22		2022/23	2023/24	2024/25
R duisend	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Erfenis Wes-Kaap	4 119	2380	1945	2 648	2577	2 638	2801
Subtotaal	4 119	2380	1945	2 648	2577	2 638	2801
Direkte heffings teen die Nasionale Inkomste Fonds	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	4 119	2380	1945	2 648	2577	2 638	2801
Lopende betalings							
Vergoeding van werknemers	4 119	2380	1945	2 648	2577	2 638	2801
Goedere en dienste as volg:							
Kommunikasie							
Rekenaardienste	-	85	88	102	103	107	112
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	39	42	39	40	41	42	44
Voorraad	2156	1604	1566	1552	1894	1 966	2100
Instandhoudings-, herstel- en bedryfskoste							
Bedryfsbruikhuurooreenkomste							
Reis en verblyf							
Ouditgelde	466	25	74	97	54	64	67
Advertering	77	94	74	95	75	38	39
Ander							
Rente op en huurinkomste uit grond	1 381	530	104	762	410	421	439
Finansiële transaksies in bates en laste							
Financial transactions in assets and liabilities							
Oordragte aan en subsidies vir:							
Provincies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en technikons							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings							
Betalings vir kapitaalbates	-	-	-	-	-	-	-
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates as volg: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	4 119	2380	1945	2 648	2 577	2 638	2801

*Ander sluit projekte vir Erfenis Wes-Kaap in

10. Bygewerkte hoofrisiko's

Uitkomste	Hoofrisiko	Versagting van risiko
Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap	Verlies aan erfenishulpbronne weens ongemagtigde veranderings/sloping of vandalisme	Ontwikkel generiese riglyne en opleiding vir EWK-beamptes
		Bied bewusmakingsprogramme saam met belanghebbendes aan
		Aanstelling en opleiding van erfenisinspekteurs
	Raad/komitees neem besluite wat buite hul bevoegdheid mag wees	Wys addisionele kundiges aan om erfenisbeampterevgaderings by te woon
		Regsadviespan woon komiteevergaderings by om besluitneming binne wettige parameters te begelei.

11. Infrastruktuurprojekte

Nr.	Naam van projek	Beskrywing van projek	Uitsette	Begin-datum van projek	Voltooiings-datum van projek	Totale beraamde koste	Uitgawes in lopende jaar
1.	VSA-ambassadeurs-fonds vir bewaring van kultuur	Bewaring, beskerming en bevordering van Diepkloofrotsskuiling	<ul style="list-style-type: none"> Bewaring van Diepkloofrotsskuiling Ontwikkeling van skynwerklikheidsprogram oor opgrawing van Diepkloofrotsskuiling Voetpad na Diepkloofrotsskuiling Ontwerp van plankpaadjie op die terrein 	November 2019	Desember 2023	485 000	292 675 (verbonde)

DEEL D: BESKRYWINGS VAN TEGNIESE AANWYSERS

A

Aanwysernommer	1.1			
Aanwysertitel	Getal beleide, regulasies, riglyne of protokolle deur die Raad goedgekeur			
Bondige omskrywing	Getal beleide, regulasies, riglyne of protokolle jaarliks ontwikkel en goedgekeur			
Doel	Om beleide, regulasies, riglyne of protokolle daar te stel om die bestuur van erfenishulpbronne te begelei en te verduidelik hoe dit ooreenkomsdig die WNEH moet geskied			
Hoofbegunstigdes	Burgers van die Wes-Kaap			
Databron	Intern vanaf Provinciale Erfenishulpbronowerheid, d.w.s. Erfenis Wes-Kaap • Dokument			
Databeperkings	Goedkeuring word na goeddunke van die Raad verleen			
Aannames	Teiken sal, soos beplan, behaal word.			
Wyse van verifiëring	Goedgekeurde beleid, riglyn, regulasie of protokol			
Berekeningsmetode	Tel – hetsy 'n beleid, regulasie, riglyn of protokolle			
Soort berekening	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op hede	<input checked="" type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagdoeningsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Twee keer	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarliks per jaar	<input type="checkbox"/> Tweejaarliks
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Teiken behaal	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Soort aanwyser	Is hierdie 'n diensleweringsaanwyser?			
	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE		
	Indien ja, bevestig die prioriteitsarea(s) wat die lewerbare uitset(te), soos gemeet deur hierdie aanwyser, sal verbeter (meervoudige keuses kan ook uitgeoefen word):			
	<input checked="" type="checkbox"/> Burgers se behoeftes	<input checked="" type="checkbox"/> Betrouwbaarheid	<input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit	<input type="checkbox"/> Integriteit
Ruimtelike ligging van aanwyser	Is hierdie 'n vraaggedrewe aanwyser?			
	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Is hierdie 'n gestandaardiseerde aanwyser?			
Verantwoordelikheid vir aanwyser	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Omvang:			
	<input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
	Besonderhede / adres / koördinate: Protea Assuransiegebou, Groentemarkplein, Kaapstad			
Ruimtelike transformasie	In die geval van meervoudige plekke , sal dit in die jaarlikse bedryfsplan (JBP) openbaar gemaak word?			
	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE		
	Bestuurder verantwoordelik vir erfenishulpbronbestuursdienste			
Rui	Ruimtelike-transformasieprioriteite: Ja			
	Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die WNEH te implementeer, word stede en landelike gebiede getransformeer wat 'n impak op sosio-ekonomiese toegang het.			

Disaggregasie van begunstigdes - menseregtegroep	<p>Teiken vir vroue: n.v.t.</p> <p>Teiken vir die jeug: n.v.t.</p> <p>Teiken vir mense met gestremdhede: n.v.t.</p> <p>Teiken vir ouer mense: n.v.t.</p> <p><input checked="" type="checkbox"/> Geen van bogenoemde nie</p>
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	<p><input checked="" type="checkbox"/> Werk <input type="checkbox"/> Veiligheid <input type="checkbox"/> Welstand <input type="checkbox"/> Innovasie, kultuur en regeringsbestuur</p> <p><input type="checkbox"/> Geen van bogenoemde nie</p>
Rampstoestand	<p><input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE</p> <p>Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp:</p>
Implementeringsdata (Lewerbare hoofuitsette gemeet)	<p>Soos per JBP</p>

Aanwysernommer	1.2			
Aanwysertitel	Getal terreininspeksies by provinsiale erfenisterreine onderneem			
Bondige omskrywing	Inspeksies onderneem om provinsiale erfenisterreine te moniteer en te evalueer ooreenkomsdig Erfenis Wes-Kaap se mandaat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronnes (Wet 25 van 1999)			
Doeleind	Om voldoening aan die WNEH te moniteer en te evalueer			
Hoofbegunstigdes	Die burgers van die Wes-Kaap			
Databron	<p>Interne terreininspeksieverslae soos deur die Provinciale Erfenishulpbronnerheid, d.w.s. Erfenis Wes-Kaap, voortgebring</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dokument • 'n Betrokkenheid wat verband hou met die bron van data sal plaasvind 			
Databeperkings	Goedkeuring van verslae deur Hoof- Uitvoerende Beampte			
Aannames	Teiken sal, soos beplan, behaal word.			
Wyse van verifiëring	Terreininspeksieverslae goedgekeur deur die Hoof- Uitvoerende Beampte			
Berekeningsmetode	Tel – getal terreininspeksieverslae goedgekeur deur die Hoof- Uitvoerende Beampte			
Soort berekening	<input checked="" type="checkbox"/> Kumulatief	<input checked="" type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op hede	<input type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagdoeningsiklus	<input checked="" type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Twee keer	<input type="checkbox"/> Jaarliks	<input type="checkbox"/> Tweejaarliks per jaar
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Teiken behaal	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Soort aanwyser	Is hierdie 'n diensleweringaanwyser?			
	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE		
	Indien ja, bevestig die prioriteitsarea(s) wat die lewerbare uitset(te), soos gemeet deur hierdie aanwyser, sal verbeter (meervoudige keuses kan ook uitgeoefen word):			
	<input checked="" type="checkbox"/> Burgers se behoeftes	<input type="checkbox"/> Betrouwbaarheid	<input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit	<input type="checkbox"/> Integriteit
Soort aanwyser	Is hierdie 'n vraaggedrewene aanwyser?			
	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Is hierdie 'n gestandaardiseerde aanwyser?			
Soort aanwyser	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		

DEEL D: BESKRYWINGS VAN TEGNIESE AANWYSERS

A

Ruimtelike ligging van aanwyser	Omvang:	<input type="checkbox"/> Een plek	<input checked="" type="checkbox"/> Verskeie plekke
	<input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal <input checked="" type="checkbox"/> Distrik	<input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk <input type="checkbox"/> Adres
Besonderhede / adres / koördinate: Protea Assuransiegebou, Groentemarkplein, Kaapstad			In die geval van meervoudige plekke , sal dit in die jaarlikse bedryfsplan (JBP) openbaar gemaak word?
<input checked="" type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE			
Verantwoordelikheid vir aanwyser	Bestuurder verantwoordelik vir erfenishulpbronbestuursdienste		
Ruimtelike transformasie	Ruimtelike-transformasieprioriteite: Ja Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die WNEH te implementeer, word stede en landelike gebiede getransformeer wat 'n impak op sosio-ekonomiese toegang het.		
Disaggregasie van begunstigdes – menseregtegroepes	Teiken vir vroue: n.v.t. Teiken vir die jeug: n.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: n.v.t. Teiken vir ouer mense: n.v.t. <input checked="" type="checkbox"/> Geen van bogenoemde nie		
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	<input checked="" type="checkbox"/> Werk <input type="checkbox"/> Veiligheid <input type="checkbox"/> Welstand	<input type="checkbox"/> Innovasie, kultuur en regeringsbestuur	
Ramptoestand	<input type="checkbox"/> Geen van bogenoemde nie	<input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE	Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp:
Implementeringsdata (Lewerbare hoofuitsette gemeet)	Soos per JBP		

Aanwysernommer	1.3
Aanwysertitel	Getal Raads- en komiteevergaderings gehou ten einde besluite ingevolge die WNEH te neem
Bondige omskrywing	Geskeduleerde vergaderings met EWK-raad en -komitees ten einde WNEH te implementeer
Doel	Om besluite oor erfenisaangeleenthede te neem soos deur die WNEH gemagtig
Hoofbegunstigdes	Die burgers van die Wes-Kaap
Databron	Intern vanaf Provinsiale Efenishulpbronowerheid, d.w.s. Erfenis Wes-Kaap <ul style="list-style-type: none"> • Dokument • Verlowings wat verband hou met die bron van data sal plaasvind
Databeperkings	Raads- of komiteevergaderings wat gekanselleer word omdat daar nie 'n kworum is nie wat 'n impak het op die kumulatiewe aantal vergaderings wat elke jaar gehou moet word.
Aannames	Teiken sal, soos beplan, behaal word.
Wyse van verifiëring	Presensieregisters (elektronies of handmatig), sakelyste en notules van vergaderings
Berekeningsmetode	Tel - getal Raads- en komiteevergaderings gehou en geverifieer gegronde op presensieregisters (elektronies of handmatig), sakelyste en notules van vergaderings

Soort berekening	<input checked="" type="checkbox"/> Kumulatief <input type="checkbox"/> Jaareinde <input type="checkbox"/> Jaar tot op hede <input type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagdoeningsiklus	<input checked="" type="checkbox"/> Kwartaalliks <input type="checkbox"/> Twee keer <input type="checkbox"/> Jaarliks <input type="checkbox"/> Tweejaarliks per jaar
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken <input checked="" type="checkbox"/> Teiken behaal <input type="checkbox"/> Laer as teiken
	Is hierdie 'n diensleweringsaanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE Indien ja, bevestig die prioriteitsarea(s) wat die lewerbare uitset(te), soos gemeet deur hierdie aanwyser, sal verbeter (meervoudige keuses kan ook uitgeoefen word): <input checked="" type="checkbox"/> Burgers se behoeftes <input checked="" type="checkbox"/> Betrouwbaarheid <input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit <input checked="" type="checkbox"/> Integriteit
Soort aanwyser	Is hierdie 'n vraaggedreve aanwyser? <input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE Is hierdie 'n gestandaardiseerde aanwyser? <input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE
	Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal <input type="checkbox"/> Distrik <input type="checkbox"/> Een plek <input type="checkbox"/> Verskeie plekke <input type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk <input type="checkbox"/> Adres Besonderhede / adres / koördinate: Protea Assuransiegebou, Groentemarkplein, Kaapstad In die geval van meervoudige plekke , sal dit in die jaarlikse bedryfsplan (JBP) openbaar gemaak word? <input type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE
Ruimtelike ligging van aanwyser	Bestuurder verantwoordelik vir erfenishulpbronbestuursdienste
Ruimtelike transformasie	Ruimtelike-transformasieprioriteite: Ja Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die WNEH te implementeer, word stede en landelike gebiede getransformeer wat 'n impak op sosio-ekonomiese toegang het.
Disaggregasie van begunstigdes – menseregtegroepe	Teiken vir vroue: n.v.t. Teiken vir die jeug: n.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: n.v.t. Teiken vir ouer mense: n.v.t. <input checked="" type="checkbox"/> Geen van bogenoemde nie
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	<input checked="" type="checkbox"/> Werk <input type="checkbox"/> Veiligheid <input checked="" type="checkbox"/> Welstand <input type="checkbox"/> Innovasie, kultuur en regeringsbestuur <input type="checkbox"/> Geen van bogenoemde nie
Ramptoestand	<input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp:
Implementeringsdata (Lewerbare hoofuitsette gemeet)	Soos per JBP

DEEL D: BESKRYWINGS VAN TEGNIESE AANWYSERS

Aanwysernommer	1.4			
Aanwysertitel	Getal provinsiale erfenisterreingeleenhede ter bevordering van erfenishulpbronne			
Bondige omskrywing	Om bewustheid te skep en te bevorder oor waarom dit belangrik is om erfenishulpbronne te bewaar en watter implikasies die bestuur van sulke hulpbronne inhoud.			
Doel	Erkenning dat die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein is by wyse van 'n reklamegeleenthed			
Hoofbegunstigdes	Die burgers van die Wes-Kaap			
Databron	Uitnodigings na en programme vir reklamegeleenthede wat intern deur Erfenis Wes-Kaap, die Provinciale Erfenishulpbronowerheid, voortgebring is			
Databeperkings	Uitstel of kansellasie van reklamegeleenthede weens faktore (soos inperkingsregulasies weens COVID-19 of langdurige kragonderbrekings) of ander omstandighede van 'n naturalistiese aard buite beheer van die PEHO, Erfenis Wes-Kaap, wat 'n impak op die beskikbaarheid van personeel, hulpbronne en toegang tot die terrein het.			
Aannames	Teiken sal, soos beplan, behaal word.			
Wyse van verifiëring	Uitnodigings en programme (aanlyn of fisies)			
Berekeningsmetode	Tel - getal geleenthede by provinsiale erfenisterreine aangebied			
